# DIE CHILIASME IN DIE GEREFORMEERDE KERK EN 'N ANTWOORD DAAROP
## (slot)

4.4. *Kanoniese indeling en behandeling van die boek Openbaring*

Met *groot versigtigheid* wil ek my nou waag aan 'n indeling van die boek Openbaring. Hierdie indeling is gebou op die geheel-indruk van Openbaring. Indelingsbeginsels wat ek wil afwys, is dié wat in hoofsaak berus op die aantal 7-talle in die boek, nl. 7 briewe, 7 seëls, 7 basuine en die 7 laaste plae.[15] Die rede vir die afwysing hiervan is omdat die sogenaamde tussengesigte die 7-talle onderbreek op 'n *baie onreëlmatige* wyse; dat tweedens die verleiding dan bestaan om die boek in te deel in kerkgeskiedenis enersyds en wêreldgeskiedenis andersyds; dat derdens die 7 briewe *losgemaak* kan word van die feitelike situasie waartydens die briewe geskrywe is (die briewe word dan *tydlose* „tipes" van die kerk of dit toon die kerk aan in sy historiese verloop).

Die skema van prof. W. J. Snyman is ook op hierdie lees geskoei van die 7-talle en genoemde probleme duik daarom ook hier op. Dit is my beskeie mening dat die oplossing histories—bo-histories van prof. Snyman nie voldoende rekenskap gee van die sterk historiese strekking en konkrete verkondiging van hierdie boek nie.

*Deel 1.* 1 : 1—20. Wanneer die hoofstuk in sy geheel bekyk word, sal u vind dat hier ter sprake kom: die Skrywer, die adres, die aanleiding tot die skrywe — kortliks: die briefhoof en die eerste paragraaf.

*Deel 2.* 2 : 1—3 : 22. Die siening op hierdie briewe is van geweldige belang binne die eenheidstruktuur van die boek. Ek meen dat 'n mens vir eers hier nie verder moet gaan as die werklike 7 genoemde gemeentes nie. Dus: die 7 briewe is eerstens geskrywe vir daardie 7 gemeentes van daardie tyd. Dan is die briewe visitasierapporte van *daardie* gemeentes. Kortliks: visitasie-rapport met die oog op die toekoms.[16]

*Deel 3.* 4 : 1—7 : 17. Hierdie hele gedeelte beskou ek as 'n eenheid. Die sentrale gedagte wat van 3 kante af belig word, is: die *geskiedenis tot by die einde.* Dit gaan tot *by die einde;* die einde self, die 7e seël wat die hele eindgebeure bevat, beheers die res van die boek. Waarom word in Openbaring so 'n groot gedeelte afgestaan aan die eindgebeure? Hierop antwoord ek dat die *plek van die boek in die kanon* volgens die opdrag van Jesus in hoofstuk 1 aan Johannes hier die antwoord verskaf. Verder is *die einde,* die slot-episode van hierdie bedeling, die absolute einde want hierna vind die herskepping plaas, so 'n ingrypende saak. Vanweë die ingrypende van die laaste seël, die einde, kry die eerste 6 seëls relatief minder lengte in hierdie boek wat die besondere openbaring van God aan sy Kerk afsluit. Hierdie gedeelte nou van nader besien, behandel 3 groot sake: a. *Wie beheer* die geskiedenis met die antwoord: die Priester-Koning (4 : 1—5 : 14); b. *wat gebeur* tot by die

einde met die antwoord die 6 seëls (6 : 1—17); c. die brandende vraag vir elke gelowige: wat is die *posisie van die gelowige* in hierdie tyd met die antwoord: die kerk word *versamel* (7 : 1—8) en altyd *vasgehou* waarby die ewige lewe reeds in perspektief kom (7 : 9—17).

*Deel* 4. 8 : 1—11 : 19. Hierdie hele gedeelte beskou ek as 'n eenheid. Dit handel oor die 7e seël, d.w.s. die slotgebeure. As 8 : 1 met 11 : 15 en 19 en 15 : 5 in verband gebring word, dan is dit duidelik dat ons in hierdie gedeelte *voorberei* word vir dit wat gaan gebeur in hoofstuk 16, nl. die *uitstorting van die grimmigheid van God.* Die aansluiting by 15 : 5 is baie belangrik want dan is dit duidelik dat hierdie 4e gedeelte, die voorbereiding vir die uitstorting van die grimmigheid van God, die voorbereiding is vir die *laaste hoofstuk* van die geskiedenis! Dus: *voorbereiding vir die einde* en hierdie voorbereiding geskied duidelik in 3 fases.

*Fase 1.* 8 : 1—13. Dis 4 basuine wat die *natuur* raak. Die *trefpunt,* nl. die *natuur,* het hulle gemeenskaplik en daarom neem ek hulle saam as die eerste fase.

*Fase 2.* 9 : 1—21. Dis 2 basuine wat die *mense* raak. Hier is die trefpunt weer dieselfde en daarom neem ek hulle saam as die 2e fase. Van die grootste belang is hier die eindresultaat van die 2e fase van voorbereiding, nl. verse 20—21: hulle het hul *nie bekeer nie.* Dink ook hier aan die karakterisering: in die dae van Noag! Die eindresultaat hang nou saam met die volgende fase en word in Openbaring 11 genoem die afsluiting van die 2e wee.

*Fase 3.* 10 : 1—11 : 19. Hierdie gedeelte word beheer deur die verkondiging van die Evangelie. In 10 : 11 staan: profeteer *weer.* Verder 10 : 6 en 11 : 14 die uitspraak dat daar geen tyd meer sal wees nie, dat die 3e wee *gou* kom, ook hierdie tydsuitspraak bind die evangelieverkondiging in sy dringende karakter saam. Die verkondiging en die *verloop* hiervan, 11 : 1—13, dit is die 3e fase van voorbereiding. Hierdie 3e fase word afgesluit deur vooruit te gryp op die finale einde. Hierdie *vooruitgryping* op die einde, 'n deurlopende karakter van die boek, is van groot belang, die wederkoms is altyd naby! (Vergl. 7 : 9—17; 11 : 15—19; 14 : 1—5; 15 : 1—5; 19 : 1—10.) Op hierdie tydsaspek sal aan die einde teruggekom word.

In 3 fases vind die voorbereiding van die groot einde plaas. Die 7 donderslae in 10 : 4 onderskryf die hoë belang van hierdie evangelieverkondiging, vergl. 9 : 20—21.

*Deel* 5. 12 : 1—15 : 8. Hierdie gedeelte neem ek saam omdat so duidelik die *finaliteit* van die einde hierin *histories gefundeer* word. Die hoofgedagte in 12 : 1—17 is: die einde is hier want *God se verlossingsplan is uitgevoer.* Die plek van hoofstuk is dus van groot belang. Die einde gaan plaasvind omdat God se verlossingsplan, nl. die verlossing in Jesus Christus, uitgevoer *is,* vergl. hfst. 4 en 5. *Dis die eerste fundering.* Die *tweede fundering* is die toenemende *ongeloof,* 9 : 20—21, o.l.v. die 2 diere uit die aarde en die see. Dus 12 : 18—13 : 18 — die *volharding* in die *ongeloof* terwyl die *draak* sy *troon,* sy *mag* en sy *krag* aan die dier uit die see gegee het. Vergl. hier die *posisie* van die draak in Openb. 20 : 1—2: *gebonde.*

Die *derde fundering* is teenoor die volharding in die ongeloof, die gelowiges wat *getrou by die Lam bly,* 14 : 1—5.[17] Die gelowiges volhard in die geloof, hulle *het* volhard, soos Paulus sê in 2 Tim. 4 : 7: Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek *het* die geloof behou. Die gelowiges het getrou by die Lam gebly.[18] Daarom kan die einde kom. Die *vierde fundering* van die finaliteit van die einde is die evangelieverkondiging deur die 3 engele. In hulle prediking kom die einde pertinent na vore. Belangrik hier is weer eens die vooruitgryping op die einde, verse 11—13. Die 2e engel kan selfs uitroep: geval, geval *het* Babilon, die groot stad!

Die *vyfde fundering* van die finaliteit is 14 : 14—20, die graanoes en die wynoes. Die tyd van oordeel is daar want die oes van die aarde het *oorryp* geword, verse 15 en 18. Hier moet ons in gedagte hou die 2e fundering, nl. die volharding en toename in die ongeloof, hfst. 13, asook die inhoud van die engeleprediking. *Die oes is ryp.* Ook hier word in verse 19 en 20 weer vooruitgegryp op die einde.

Die *sesde fundering* is 15 : 1—8. Hfst. 15 : 1 stel dit reeds: die 7 plae, die laaste plae van God se grimmigheid, verskyn nou in die hemel. Die engele verskyn. Nou is die einde daar! Maar ook aan die anderkant: die gelowiges sing die lied van Moses en die Lam. Dis die lied van Ex. 15 in Nieu-Testamentiese perspektief — daarom van Moses *en* die Lam. Belangrik is hier die Ou-Testamentiese verband waartydens die lied die eerste maal gesing is, nl. net na die deurtog deur die Rooi See: die intog in Kanaän lê voor. Die verlossing uit die slawehuis, die sonde, die sonde*bedeling,* is klaar. Die 7 engele met die 7 laaste plae het verskyn. Vergl. vers 1 met vers 4: die gelowiges *sien* al die intog, die deurtog deur die Rooi See, oordragtelik bedoel, is *klaar,* d.w.s.: die verlossing van die sondeslawerny deur Christus en ook die verlossing uit die sondige *bedeling* deur die komende oordeel en herskepping. Ons lewe deur die geloof en nie by aanskouing nie; daarom is hierdie lied 'n geloofslied: dit sien reeds verby die laaste plaag! Die *intog* lê voor! Vergl. ons hier die *plek* in die openbaringsgeskiedenis met die van Ex. 15 in die O.T., dan is dit verder heerlik om op te merk dat in Ex. 15 die *deurtog* en die *intog* in Kanaän so ver vanmekaar geskei was: tussenin was die grimmigheid van God oor sy volk — die geslag wat uitgetrek het, het in die woestyn *omgekom.* Die plae was oor die *volk van die Here* vanweë hulle ongeloof, Hebr. 3, maar nou het reeds geblyk dat die volk van die Here in die geloof volhard het! Toe, in Exodus, het die plae van die Here in die woestyn die intog in Kanaän met 40 jaar verwyder van die deurtog deur die Rooi See. Nou is daar na die deurtog weer 7 *plae,* maar *nie* oor die godsvolk nie, dis die plae van God oor die *sonde,* die *vader* en *bewerker* van die sonde en die *sondaar,* vergl. hier deel 6. Die plae is op die *ander,* en *daarom* lê vir die gelowige die *deurtog* deur die Rooi See (verlossing uit die slawehuis deur die bloed van Jesus Christus, ons sterwe en opstanding in Hom, vergl. die eerste gebed van die doopsformulier), dis die lied van Moses en die Lam, en die *intog,* nl. die bruilof van die Lam, die herskepping, dit hoort vir die gelowige eintlik *byme-*

*kaar.* (Lees hierby die diskussie oor heilsgeskiedenis en heilsorde by noot 20).

Die intog lê voor! Die genadetyd is verby! Die tempel van die getuienis is geopen, die heerlikheid van die versoening en ook die aanklag op die sonde is sigbaar. Maar nou: vers 8: *niemand* kan in die tempel ingaan alvorens die 7 plae nie voleindig is nie! Die genadetyd is *verby!* Dit alles *voordat* die verskriklike 7 plae van hoofstuk 16 uitgestort word. Die grimmigheid van God is *vreeslik,* nl. die 7 laaste plae; daarom is daar nie verniet 'n halfuur lank *stilte* in die hemel toe die 7e seël oopgemaak is, toe die eind*gebeure* begin het! (8 : 1).[19]

*Deel 6.* 16 : 1—20 : 10. Nadat die drie fase of 3 faset *voorbereiding* geopenbaar is en die *finaliteit* van die einde ondubbelsinnig vasstaan, word nou die einde geopenbaar en wel as 'n *saak wat van God kom.* Soos die voorbereiding *van God* kom, nl. as basuine wat deur engele geblaas word, so kom ook die *einde van God.* Dit onderstreep weer eens die feit dat die Priester-Koning die seëls oopbreek. Uit die *karakter* van die voorbereidingstyd, nl. die eerste 6 basuine, word dit so duidelik gestaaf dat die Koning *priesterlik* te werk gaan; daarom ook word daar dwarsdeur die eindgebeure uitsprake gemaak oor die *gelowiges.* Dat onse Koning *Priester-Koning* is, dit verklaar dus grotendeels die eienskap van Openbaring dat die Kerk telkens in die gesigspunt kom.

Die einde kom *van God.* Hierdie gedagte moet ons dwarsdeur vashou. In Christus is God die *Inaugurator* van die einde en in die eindtyd self *bring God* die einde. Dis nie 'n *natuurlike proses* nie; *God* beëindig net soos *God* begin het by die skepping. Hierdie geweldige einde word in dié gedeelte geopenbaar as: die *plae van die grimmigheid van God.* Verder is hierdie hele gedeelte 'n *eenheid* omdat die 7 plae direk na mekaar geopenbaar word. Die opbou van die ander 7-talle, die briewe uitgesonderd, is 6 + 1 maar die plae word in sy *volheid, ononderbroke,* 7 plae na mekaar geopenbaar. As die 7e plaag uitgestort word, voordat die plaag verder beskryf word, is daar eers 'n aankondiging wat met 'n groot stem gemaak word (dink aan Christus se groot stem op Golgota!), 'n aankondiging uit die *tempel* in die hemel, en let wel, vanaf die *troon,* wat sê: *dit is verby!* Met die 7e plaag sê *God* dus: dit is verby! By hierdie *verby* sluit 20 : 11 aan. Daarom, as 'n mens kyk na die *voorbereiding* en die *fundering van die finaliteit,* is dit duidelik dat die 7 plae die einde beteken en dat die hele boek Openbaring van die begin af op die einde toegespits is. Dus: die einde, die oordeelstroon, die herskepping — chronologiese volgorde. Vanweë hierdie opbou en die groot nadruk op die einde — dit loop al deur vanaf die 6e seël, 6 : 17 — en die uitspraak in 16 : 17, dit is verby, beteken dit dus dat ons 17 : 1—20 ook in *hierdie* tyd moet plaas, en nie op 'n latere tydsfase nie. Daar is dus geen ruimte om Openb. 20 : 1—10 as nog 'n episode te beskou ná die 7e plaag nie. Na 16 : 17 gaan die boek eintlik weer verder met 20 : 11. Deel 6 het dus afdelings: *wat* is die 7 plae en *hoe* pas 17 : 1—20 : 10 in by die 7 plae.

*Eerste plaag:* die mense wat die dieremerk het, word getref. Dit

is opvallend hoe *tekenbewus* die mense van vandag is: die heksepoot, skoenlappers, gebyte appel, ens. Die mense dra tekens, almal met 'n bepaalde agtergrond en strekking. Ons moet dit minstens opmerk. Die eerste plaag tref die mense wat die merk van die dier het.

*Tweede en derde plaag:* hierdie 2 gaan grootliks saam, saamgesnoer deur die uitspraak in 16 : 5—7. Die see word bloed en ook al die ander water. Hierdie mense het die profete se bloed *vergiet*, m.a.w. die gelowiges se bloed met wat dit alles insluit; nou sal *hulle* bloed *drink*. Al die water sal verander in bloed. Dié plaag is onontwykbaar.

*Vierde plaag:* die plaag tref die son sodat die mense verskroei word. Opmerklik nog steeds geen *bekering* nie. Die Priester-Koning wat die Skrywer is van hierdie boek, Hy merk dit op. Dieselfde ook by die vyfde plaag.

*Vyfde plaag:* In sy plae gaan God nog verder. Nou tref Hy die *troon* van die dier. Die mense kou hulle tonge van pyn — so ontsettend is hierdie plaag! Hier moet ons ook opmerk die voortgang in die plae: eers die mense, dan die troon van die dier, dan Armageddon (6e plaag) en dan is dit verby met die 7e plaag. Die opbou en toenemende intensiteit.

*Sesde plaag:* Opgesom beteken die 6e plaag: *God* maak die *slagveld* gereed, nl. Armageddon. 20 : 7—10 is dus deel van die 6e plaag. Merk ook op die letterlike ooreenstemming van 16 : 14 en 16 met 20 : 8—10. *Versamel* (16 : 14) is dieselfde as die *stad omsingel*. 16 : 12—13, *voorbereiding*, dis in terme van 20 : 7 die *ontbinding* van Satan. Opmerklik verder is dat sedert hfst. 12 en 13 dit eers weer by die 6e plaag is dat die *draak* genoem word.

Eers hfst. 12 binne die verband van die hoofstuk en dan saam met 13 : 1 en veral vers 2 en 16 : 12—14: dit is 'n beskrywing van 20 : 1—3. Die verloop is as volg: in die hemel *is* die draak, die duiwel, *oorwin* want Christus het die hemel binnegekom nadat Hy aan die kruis getriomfeer het; daarom word die draak uit die hemel gegooi, op die aarde en hy poog om die vrou te verswelg maar hy *kan nie*. In 12 : 17 staan dat hy weggaan om die ander nakomelinge te beveg. In 13 : 2 word hierdie aanval beskryf: hy het sy troon, sy mag en sy krag aan die dier gegee. Hy gaan om te veg, maar dan gee hy dit wat hy nodig het om *mee te veg*, nl. sy troon, krag en mag, oor aan die dier uit die see. Dus hy, die neergeworpene, gaan om te veg, maar dan veg *hy* nie, hy gee alles oor aan die dier uit die see. Openb. 20 : 1—2 beskryf dit as die *binding van die satan*. (20 : 1—2 = 12 : 17—13 : 2). So georden, word die heerlikheid van die res van 20 : 4—6 dan 'n heerlike uitspraak oor die *posisie van die gelowige* terwyl God vir die einde *voorberei* en sy *plae uitstort*. Hier tref ons dan dieselfde eienskap aan wat ons reeds vroeër aangetoon het, nl. dat die geskiedenis beheers word deur die Priester-Koning en dat daarom dwarsdeur die openbaring van ander dinge, ook die posisie van die gelowige genoem word. Kortliks 20 : 1—10 moet ons saamlees by die *6e plaag;* trouens dis 'n integrale deel van die 6e plaag, veral 20 : 7—10 is 'n eksplisiete beskrywing van die 6e en 7e plae saam. Verder: 16 : 15: Kyk, Ek kom, die

aankondiging by die 6e plaag — hierdie koms word beskrywe in 19 : 11—21. Christus trek uit teen die dier en die valse profeet, maar die duiwel word met vuur uit die hemel verbrand. Hier kom ons by 'n baie belangrike saak. Hoekom staan dit dat Christus net teen die dier en die valse profeet uittrek maar dat die duiwel, onpersoonlik, met vuur verbrand word? Die antwoord lê nie daarin om die 2 sake van mekaar te *skei* soos die chiliaste maak nie, nl. eers die eerste 2 se vernietiging en na die 1 000 jaar kom die duiwel aan die beurt. Trouens so kan dit nie want by die voorbereiding van die slagveld in hfst. 16, die 6e plaag, word *al 3 nog saam genoem!* Openbaringshistories lê die antwoord vir my op 'n ander vlak. Christus besleg die stryd op Armageddon — dis duidelik uit 19 : 11—21. En wanneer die dier en die valse profeet verslaan is, dan is in die lig van die vrugte van die heilswerk van Christus (12 : 7—17), en die inhoud van die Middelaarswerk (Kol. 2 : 15), en in die lig van 13 : 2 nie veel van die *duiwel* meer oor nie. Op Golgota is reeds *persoonlik* deur Christus die stryd met die duiwel aangeknoop en het Hy die duiwel verslaan. Daarom knoop Christus nie meer *persoonlik* die stryd met die duiwel aan nie, nee, die duiwel as die een wat *reeds* op Golgota deur *Christus oorwin is, word* in die vuur gewerp. Dus nie *temporele skeiding* met 1 000 jaar nie maar *heilshistoriese triomf!* Christus, die *Woord van God,* 19 : 13, knoop die stryd aan teen die dier want hy *spreek,* nl. godslasteringe (13 : 1), en die profeet want hy *spreek* (13 : 18 en 16 : 13). Die *Woord van God* oorwin die *teenpraters,* nl. die dier en die valse profeet. Die duiwel, *inisiator van die sonde,* is reeds oorwin deur Christus op Golgota en sy aanklaging is verbreek want Christus is ons regverdigheid. Daarom tree Christus nie *persoonlik* teen die duiwel op nie; die duiwel *word* in die poel van vuur en swawel geslinger. Die 6e plaag, die voorbereiding tot eie vernietiging — *God* skep dié geleentheid en daarom is dit 'n *plaag* van God — loop oor in die 7e plaag, dit is die stryd, die wederkoms van Christus, waaroor reeds gehandel is by 19 : 11—21 en 20 : 7—10.

*Sewende plaag:* Dan is alles verby. Opmerklik dat *dit* eerste gesê word voordat daar iets verder gesê word oor die 7e plaag self. Verse 18—21 handel dan verder oor die 7e plaag, dit beskryf die slot as 'n *plaag* terwyl 17 : 1—18 : 24 die inhoud van die plaag in detail beskryf en verklaar. Dit is verby! Merk op die *nooit meer* in hfst. 18 en die *versadiging* in 19 : 21. Dit is verby. Hierby sluit 19 : 1—10 aan met die oorwinningslied in die hemel. Die plaag is afgehandel, die bruid is versier, die bruilof van die Lam is daar!

Ek hoop dat die verband en betekenis van 20 : 1—6 hieruit enigsins duidelik geword het. Jy kan dit onmoontlik losmaak van die res en as 'n dogmatiese stuk op sy eie behandel.[20]

*Deel 7.* 20 : 11—15 beskryf die *gerigstroom* en die ewige vonnis wat gevel word.

*Deel 8.* 21 : 1—22 : 5 beskryf in heerlike visioen die herskepping.

*Deel 9.* 22 : 6—21 is die afsluiting van hierdie besondere brief. Hierdie slot van die brief *moet* verklaar word in die lig van die

geheel van die voorafgaande, anders gaan die *diepte* en krag van hierdie laaste waarskuwings en beloftes verlore.

## 5. *Ten slotte*

By hierdie kanoniese behandeling van Openbaring het dit duidelik geword hoe sterk die kerk in *afwagting en gereedheid* moet leef. Hoe anders is die beeld van die kerk onder ons egter nie! Hoeveel vertoon die Geref. Kerk van die vastheid, die vreugde en die verwagting soos wat dit aan ons geopenbaar word in hierdie brief? Op ontstellende wyse word die *teenbeeld* hiervan vandag in die horisontalisme en indifferentisme vertoon. Ek kan myself nog baie meer sulke ingrypende vrae afvra, maar ek wil volstaan by hierdie moeilike slotvraag: in die lig van die *lewende kerk,* soos wat die kerk van baie kante in Openbaring beskryf word: wie is verder van die kol af, 'n gemeente wat met moeite 'n bywoningsyfer van sê 60% het — om nie te radikaal te wees nie! — by die tweede diens op 'n Sondag, of gelowiges wat in 'n oorwegend *hermeneutiese dwaling* vasgevang sit?

## VERWYSINGS

15 Bv. die klasaantekeninge oor Openb. van prof. W. J. Snyman en Morris, L.: Revelation, *in:* Tyndale New Testament Commentaries, Tyndale Press, 1969. Hy gaan in sy 7-tal skema nog verder as prof. Snyman.

16 Na my mening val die klem in Openbaring op deel 2 en daarom dink ek dat dit baie belangrik is om maar te volstaan by die 7 historiese gemeentes. Die waarskuwings en opdragte in hierdie briewe verkry sy besondere betekenis en erns uit dit wat reeds is en wat nog gaan gebeur. In sy visitasie wys Christus op bepaalde sake in elke gemeente waaraan in die lig van wat verder in dié brief sal volg, die grootste aandag gegee moet word. Om *konkreet* te bly by die verklaring van Openb. moet ons dus altyd vertrek en terugkom by deel 2. Met hierdie vertrekpunt word dit ook veiliger om in dié boek te kan onderskei tussen die heilshistoriese, openbaringshistoriese en heilsordelike momente van die boek. Met die besondere toespitsing op die eindgebeure vorm Openb. die logiese afsluiting van die N.T. kanon.

17 Vergl. hierby die imperativi by die verskillende briewe.

18 Getrou *by* die Lam, *deur* die Lam — hfst. 3 en 4.

19 Die eerste fundering is heilshistories: die geboorte, werk en opname van Christus bring teweeg die uitwerping van die duiwel uit die hemel (12 : 9). Hieruit is ook die groot woede van die duiwel te verklaar (12 : 12b—17). Die tweede fundering is ook histories. Die derde fundering is nie net *histories* nie, nl. die *volheidsgetal* 144 000 wat getrou gebly het, maar ook heils*ordelik,* Rom. 8 : 29—30 by Openb. 14 : 4 — gekoop as eerstelinge en tegelykertyd word vermeld dat hulle hulself nie besoedel het nie. Die vierde en vyfde fundering is histories. Die sesde fundering is weer eens nie net histories nie maar ook heilsordelik: elke gelowige mag dit vandag sien, Joh. 5 : 24 en Fil. 3 : 20, asook die kruiswoord: *Vandag* sal jy saam met My in die paradys wees. Dit wat die bestaande termino-

logie aanbetref. Indien ons egter onderskei tussen heilshistories, openbaringshistories en heilsordelik (wat ek liewer wil doen), sal die 6 funderings duideliker onderskei kan word. Heilshistories en openbaringshistories met die klem op die eerste deel van die woord. Die eerste fundering is dan heilshistories. Die tweede is openbaringshistories, geskiedenis soos God dit aan ons openbaar. By die derde fundering gryp openbaringsgeskiedenis en heilsorde inmekaar: nie alleen die laaste gelowiges is getrou nie maar die uitverkorenes bly altyd getrou en word nie deur die dood vernietig nie, alles danksy die volkome werk van Christus. Daarom kan die werk hier in sy volheid aangetoon word. Die vierde fundering is openbaringshistories, verkondiging van die heil sonder wesenlike uitbreiding van die heil soos by die eerste fundering. Die vyfde is weer eens openbaringshistories. By die sesde fundering gryp heilsgeskiedenis en heilsorde weer inmekaar. Nie alleen sal die laaste gelowiges in die laaste dag hierdie dinge sien en sal dan die belewenis van die ewige so geweldig wees nie, maar ook vir elke gelowige mag sy eie dood so 'n gebeurtenis wees, Fil. 1 : 21 en 23, en die kruiswoord van Lukas 23 : 43. Dele 4 en 5 moet ons egter nie so sien dat deel 4 en deel 5 *noodwendig* streng in hierdie onderskeie volgorde moet *gebeur* nie, hoewel tog al hierdie dinge baie sterk histories is en nie swewend nie. Hier vind ons egter net die *ordelike* in Jesus se openbaring aan Johannes en lg. se teboekstelling daarvan.

20 Om deel 6 nog nader te beskrywe en te orden. Hfst. is openbaringsgeskiedenis want hier word geopenbaar hoe God geskiedenis maak en hoe ons die geskiedenis moet sien. Dan word daarop uitgebrei in 17 : 1—20 : 10. Hierdie uitbreiding skep by my die indruk dat dit gegee is om die *grootheid* van God se grimmigheid oor die sonde, die sondaar en die bewerker van die sonde duidelik te maak. Teenoor God se grimmigheid oor die sonde en die broeiplek van ongeregtigheid in hfst. 17 en 18 staan duidelik uit God se trou en genade en verheerliking van sy eiendom, sy werk wat nooit verflou het dwarsdeur die uitgieting van sy grimmigheid nie, 19 : 1—10, veral vers 7. Die klem in hierdie uitbreiding val dus op die lewende en werksame God. Hfst. 19 : 11—21 is God se grimmigheid oor die sondaar, 19 : 18, en oor die aanhitsers tot die sonde, nl. die dier en die valse profeet, 19 : 20. Hfst. 20 : 4—6 is 'n uitspraak oor die posisie van die gelowiges wat te sterwe gekom het deur alle eeue heen — hulle posisie tydens die eeue lange voorbereiding van die einde, nl. vanaf hemelvaart tot wederkoms, vergl. ook 8 : 4. Die chiliaste wil 17 : 1—20 : 10 heilshistories verklaar, nl. dat hier beskrywe word voorbereiding tot meerdere belewenis van die heil in hierdie geskiedenis. Wie deel het aan die opstanding tot die vrederyk, sal nie in die tweede dood kom nie. Meerdere belewing van die heil in die toekoms, hiertoe dien ook die uitdelging van die sonde en goddeloosheid, en hierdie meerdere belewing is van *beslissende* betekenis vir jou redding. Daarom is hierdie gedeelte vir hulle *heils*historiese. Binne die hierbo miskien gebrekkige uiteensetting van die opbou van die boek Openbaring, is hulle siening van die vrederyk vir my onaanvaarbaar. Verder ook vanuit die skriftuurlike verhouding heilsgeskiedenis en heilsorde. Die teologie lê baie klem op die verhouding indikatief en imperatief, maar 'n verhouding wat m.i. net so belangrik is, is die van praesens

en futurum binne die indikatief. 'n Nie genoegsame deurgronding *hiervan* vind ek terug in die uitlopers van die gerealiseerde en futurologiese of futuristiese eschatologie (vergl. Ridderbos, H. se Paulus, ontwerp van zijn theologie, vanaf p. 35), deels ook by Cullmann en sy heilshistoriese eschatologie (vergl. die bespreking van König hiervan in sy reeds aangehaalde boek, p. 81—87). Die indikatief: reeds in Christus opgestaan in 'n nuwe lewe, Rom. 6; *het* oorgegaan uit die dood in die lewe, Joh. 5 : 24 — dis die praesens. *Kom* nie in die oordeel nie, Joh. 5 : 24 sodat ons nie weer aangekla word nie, Rom. 8 : 34 — die futurum. Daarom jubel Paulus dit uit dat hy niks sal vrees nie en dat ons in al die ellende op aarde meer is as oorwinnaars. Hy doen dit vanuit die indikatief: in Christus, met die dubbele bepaling dat ons nou in die Gees lewe op grond van ons *opstanding* in Christus en dat ons ook vorentoe opgewek sal word deur Hom wat Jesus uit die dode opgewek het. Dit wil my voorkom of die indikatief beide elemente bevat. So is die hoop 'n *wesenlike deel* van die geloof. Dieselfde kom ook vir my voor in Kol. 3 : 3—4. So kom heilsorde en heilsgeskiedenis enersyds en heilsorde en openbaringsgeskiedenis andersyds somtyds baie naby aanmekaar. So ook by Openb. 20. Ons lewe is saam met Christus verborge in God, Kol. 3 : 3. Vandag sal jy saam met My in die paradys wees. Reeds in hierdie lewe moet ons 'n begin maak met die ewige sabbat. Hierdie heerlike dinge word ook steeds heerliker in die *belewing* daarvan, Openb. 20 (daarom is die gedeelte heilsorde en openbaringsgeskiedenis wat op mekaar ingryp) maar nie heerliker in die *bewerking* daarvan nie (die volheid is reeds bewerk op Golgota, Kol. 2 : 15) daarom is die chiliastiese heilshistoriese siening van hfst. 20 vir my onaanvaarbaar.
Heilsgeskiedenis nie sonder heilsorde, en openbaringsgeskiedenis nie sonder heilsorde nie. Só tref ons die posisie van die kerk in Openbaring, nl. 7 : 9—17; 14 : 1—5 en 20 : 4—5. As die heilsordelike binding losgelaat word, dan word Openb. 20 'n heilstyd van bepalende betekenis in die toekoms met 'n gevolglike onderwaardering van dit wat reeds is. Hierdie kompleksiteit van die geskiedenis, die multi-dimensionele (vergl. ook t.o.v. die ongelowige: Joh. 3 : 18, veral die woord: *alreeds),* is reeds duidelik uitgewys deur prof. Snyman met sy skema: histories-bó-histories.

D. H. P. Wijnbeek, Lindley.

*(Voordrag gehou voor die G.T.V. van O.V.S. en Natal op 22 Junie 1973 te Golden Gate)*